



ng Sinode Hoëveld
Uit gemeentes vir gemeentes na die wêreld tot eer van God

Nuusbrief #37
23 Nov 2017

bestMed
persoonlik joune

NG KERKGROEP: UITNODIGING NA JAAREINDE INLIGTING- SESSIE

Geagte Bestmed-lid

Bestmed Mediese Skema nooi u graag uit om die onderstaande jaareinde inligtingsessies, insake die ledegeld- en voordeelwysigings vir 2018, by te woon.

Besonderhede aangaande die jaareinde inligtingsessies is soos volg:

AREA	Kempton Park
DATUM	1 Desember 2017
PLEK	NG Sinode Hoëveld Gladiatorsstraat 56 Rhodesfield Kempton Park
TYD	10:00 – 12:00

Indien u enige navrae het in verband met die jaareinde-inligtingsessie kan u my, Veronica Stuurman direk kontak per epos by: veronicas@bestmed.co.za

Vriendelike groete
Veronica Stuurman Groep Adviseur



U en u gade word hiermee hartlik uitgenooi na die
JAARVERGADERING
van die
EMERITIFORUM
VRYDAG, 1 DESEMBER 2017

NA AFLOOP VAN BESTMED SE INLIGTINGSESSIE (12:15)

SINODALE SENTRUM
(Gladiatorstraat 56, Rhodesfield, Kempton Park)

*Geniet 'n middagete saam met ons
na afloop van die vergadering*

 **Bevestig asb. u bywoning teen 27 Nov 2017**
pa@ngkhoeveld.co.za
011 975 8220

NG KERK BONAEROPARK
KERSSANGDIENS

NICHOLIS LOUW

ALBUM BESKIK

DATUM: 26 NOVEMBER 2017
TYD: 18:30
VENUE: NG KERK BONAEROPARK
(011 973 4916)
(Kantoorure 07:00 tot 14:00)
MALPENSAWEG 32
BONAEROPARK X1

TOEGANG: Sagte kollekte sal opgeneem word



MES Kempton Park presents

Christmas Street Serenade in the heart of the city

Thursday, 7 December 2017

Starting point @ MES Kempton Park offices, 6 Kempton Road | 18h00-20h00 | 18h00-20h00

- Tea & coffee with a light snack will be served afterwards -

For more information please contact: Luwanda Conco

(011) 024-4580, luwanda@mes.org.za



Senior Dienskommissie Funksie *aangebied deur Tutela*

Die seniordienskommissie van Tutela beplan 'n funksie vir al die seniors van die gemeentes in die Hoëveld Sinode vir 14 Februarie 2018.

Daar gaan heerlike kos en vermaak wees. Die broer en susterpaar, Karen en Rudolf, gaan vir die vermaak sorg. Karen gaan die mooiste ou liefdesliedjies sing en Rudolf gaan ons vermaak met sy klavierspel. Dit belooft om 'n heerlike oggend te wees. Ons gaan 10:00 begin en sal so teen 13:00 klaar wees.

Die koste is R100 per persoon wat 'n ete insluit.


Die venue sal iewers in Kemptonpark wees. Ons sal in Januarie 2018 meer besonderhede deurgee. Ons wil julle net solank iets gee om na uit te sien.

Aletta Bosman (011 975 8220)

NG STUDENTEGEMEENTE BLOEMFONTEIN BIED AAN:

Kougom

Eerstejaarskamp



Wanneer:
28 JAN -
1 FEB 2018

Waar:
RETJEF
KAMPTERRAJN

Kostes:
R840

Kontak ons:

- ☎️ Rachelle Greef (Voorsitter) - 078 244 8628
- ☎️ Wilmarie Vorster (Sekretaresse) - 071 465 9006
- ✉️ kougomkamp@gmail.com

www.kougom.studentekerk.org kougom eerstejaarskamp kougomkamp

Alle voornemende eerstejaars 2018

Ons nooi jou graag uit na die kamp van jou lewe - Hier gaan jy vriende vir die lewe maak, van jou grootste verwagtings ontmoet, en ook 'n paar uitdagings in die gesig staar! (Moenie bekommerd wees nie - ons glo nie in ontgroening nie!)

Kougomkamp 2018 se tema is **Kruispad** - Ons glo dat jy op hierdie stadium van jou lewe voor ongelooflike groot keuses staan--

Wat gaan ek swot? Waaraan stel ek myself bloot? Hoe vry is ek werlik, en wat beteken dit? Hoe lyk my trouman/vrou? Waar is God in hierdie ongelooflike ervaring, en hoe eer ek Hom hierin? Draai jy links of regs of vorentoe by hierdie kruispad keuses?

Hierdie kamp wil jou help om 'n stewige fondasie te gooi vir 2018, sodat jy student kan wees in die volle sin van die woord - Met die wete dat God reeds daar is waar jy oor n paar maande gaan wees!

Skryf asseblief aanlyn in:
<http://goo.gl/forms/yOq57jWvgVmQdLKP2>

Vir meer inligting, kontak Wilmarie Vorster:
074 465 9006



#imagine **5th ANNIVERSARY** **6-8 APRIL 2018** **SAVE THE DATE**

TEENANGERS AGED 13 - 18 YEARS | VOLUNTEERS AND GROUP LEADERS OF ALL AGES ARE WELCOME

STELLENBOSCH KRUISEKERK | MOEDERKERK BIED AAN

#eerstejaarskamp
2018



EK IS

21-24 JANUARIE | KOSTE R750

Skryf in by www.kruiskerk.com/eerstejaarskamp2018 | Inskrywings sluit 8 Januarie 2018

21 JANUARIE	10:00 Registrasie: Kruiskerk, Ryneveldstraat, Stellenbosch
	11:00 Verwelkomingsdiens saam met die ouers

☎️ 021 883 3458 ☎️ 072 969 5915 ✉️ kamp@kruiskerk.com

🌐 www.kruiskerk.com 📱 [/kruiskerkeerstejaarskamp](https://www.facebook.com/kruiskerkeerstejaarskamp)

Zama-Zama Hope 4 U Foundation



Die hemel is waar God groot is en ons klein;
die aarde is waar ons groot is en God klein.
– Christof Bloemhart



Nie-winsgewende organisasie (NWO 141-585)



Alfa Pastorale Opleiding, Berading en Gemeenskap Sentrum (Gestig 1987)

Bied vir die vierde jaar 'n unieke jaar kursus in pastorale opleiding, berading en gemeenskapsdiens aan!

Leef jou roeping, word prakties bemagtig as 'n agent van verandering en doen jou eie of die netwerk ding!!!

Teikengroep: Predikante, maatskaplike werkers, studente en enige belangstellende volwassenes

Kursusinhoud:

- Module 1: Teologiese begronding
- Module 2: Pastorale onderbou
- Module 3: Etiese, kontekstuele en Afrika diskoeuse
- Module 4: Ontwikkelingsmylpale in jou eie menswees
- Module 5: Ontwikkeling van jou eie spesialisvelde

Status van die kursus: Sertifikaat, geakkrediteer deur Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling van die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria. (120 VBO punte)

Vir meer inligting, kontak die kursusleiers of besoek ons webwerf: alfapastoralepraktyk.com en zamamazahope4u.com

Kursusleiers:

Dr Jan Botha Tel 012 5463545, Sel no: 0764815683 en e-pos adres: alfa@help4you.co.za

Dr Retha Kruidenier Tel 012 3291352, Sel no: 0824138462 en e-pos adres: retha@geo-logic.co

Die kursus is bekendgestel oor RSG, Pretoria FM, Radio Kansel in die Kerkbode en LIG, asook deur 'n artikel in die Kerkbode deur die redakteur, Neels Jackson



**Spesiale Kersprogram met
Jannie du Toit**

Sondag 3 Desember
17:30
NG Weltevreden
Corneliusstraat 1140, Weltevredenpark

Toegang is gratis, almal is welkom!



KAN JY VISVANG?



Ons daag jou uit, om ons te kom wys hoe vang jy vis..

Familie Gemeente NGK Boksburg Wes

Waar wys jy ons: **Vaal Vakansie Oord (Villiers Langs die staalbrug.)**

Wanneer? **2 Desember 2017**

Hoelaat? **07h00 tot 15h00**

Koste: **R100 pp Kompetisie & R50 pp Hek Toegang**

Pryse: **Grootste Karp - R2000.00
Grootste Baber - R2000.00
Swaarste Sak - R1000.00**

Kaartjies by die hek beskikbaar & klub reëls geld
Laat weet asb. vroegtijdig hoeveel hengelaars is in jou groep.

Besprekings of verdere inligting:

Dirk Strydom: 073 458 9621
dirkstrydom13@gmail.com



NG KERK BRAKPAN-OOS KERSMARK

Wanneer: 1 Desember 2017
Waar: NG KERK BRAKPAN-OOS
(H.v. Lapping en Boundary weg, Brakpan)

- Pannekoek
- Boereworsrolle
- Kerrie-en-Rys
- Jaffels
- Poeding
- Koektafel
- Vlooiemarkstalletjies
- Tombola
- Tuisgebak
- Hamburgers

TYD van Kersmark: 16:00 tot 20:00
Sanger: ** Louis Bravo ** Tree op


*** Bejaardes kom gerus want hier sal gesondheids-
personeel wees van 14:00 tot 17:00 om jul bloeddruk en
suikertoetse GRATIS te neem.

OOK GRATIS "EYE SCREENING" vir almal.

"Karre- verskeie soorte" word op die eiland voor die kerk
uitgestal!

Baie vlooiemarkstalletjies stal uit.....

TOEGANG GRATIS!!!



NG Moedergemeente Nigel

Datum: 24 November 2017

Tyd: 18h30 vir 19h00 **R40**
Ete: 17h00 tot 18h30 **R80**

Skakel die Kerkkantoor vir kaartjies by 011 814 3560

Cheddar en Gouda in Betlehem

'n Kersfees-produksie vir jonk en oud

PIERNEEFTEATER, PRETORIA

**7 Desember
2017**

10:00

R65volw / R55 kinders



BESPREKINGS JOPIE 0724605568 OF CARLIZE 0825775656

Die immer-gewilde Kersfeesproduksie: Cheddar en Gouda in Betlehem ('n Kersspel-pantomime met Ds Henry Stopforth en sangeres Maryna Knoesen) is 'n moet vir almal om te sien. Dit is met groot sukses opgevoer en daarom toer Cheddar en Gouda ook nou na die Pierneefteater in Pretoria op 7 Desember 2017 om 10:00. Hierdie produksie is vir oud en jonk (die kinders geniet dit vreeslik) en vertel die lewensveranderende boodskap van Kersfees op 'n vars en vrolike manier met prettige toneel en betowerende sang deur die baie talentvolle Maryna. Die terugvoer na die eerste optrede was oorweldigend en mense kan nie ophou praat oor die produksie nie. Kaartjies is slegs R65 vir volwassenes en R55 vir kinders en kan bespreek word by Carlize 0825775656. Ek kan werklik sê dat dit sang uit 'n ander wêreld is en dat die Evangelie en Bybel-boodskap suiwer hierdeur uitgedra word. Sowaar 'n produksie tot eer van God.

Help om die volgende hoofstuk in n kind se lewensverhaal te skryf en verander sy / HAAR lewe

Elke kind en jongmens in ons sorg het n storie om te vertel. Hierdie stories vind nie in isolasie plaas nie. In die gees van Ubuntu, waar Ek is omdat jy is, raak hulle stories gelukkiger met die hulp van die direkte steun van donateurs, plaaslike gemeenskappe en gemeentes. Alle bydraes maak n geweldige impak op die ontwikkeling van ons **Langlaagte kampus kinders**.

Help skryf aan die volgende hoofstuk. Ons wil dankie sê aan die **NG Sinode Hoëveld** vir julle ondersteuning van ons kinders op **Langlaagte**. Julle dra by tot hulle ontwikkeling. Sodoende kan kinders hulle geleenthede optimaal benut en uiteindelik bydraende lede van n gemeenskap word.

Ek vra vandag nederig, nie vir meer bydraes vanuit u gemeente nie, maar dat u sal gebruik maak van U netwerke om die boodskap oor hierdie behoefte uit te dra. Daar is reeds vele lidmate wat maandeliks bydra tot hierdie veldtog en ek wil glad nie meer finansiële druk plaas op U gemeente nie. Ek vra dat U die veldtog materiaal sal versprei aan 'n vriend/in, werkskollega of familielid. Sodoende kan ons die teiken-groep drasties groter maak en hopelik hierdie belangrike veldtog weer op dreef kry.

Per dag per kind			
Langlaagte Uitgawes		Langlaagte Inkomste	
Huis personeel	R 122.52	Staatsbevondsing	R 104.02
Perseel onderhoud	R 54.81	Sinodale bydrae	R 3.81
Voedsel	R 22.94		
Opvoeding en ontspanning	R 4.05		
Vervoer	R 14.26		
Klere en toiletware	R 3.54		
Terapie	R 4.34		
Skoonmaak produkte	R 2.47		
Sakgeld, medisyne en sekuriteit	R 10.41		
Versekering, telefoon en huur toerusting	R 6.20		
Waardevermindering	R 10.78		
Finansies, bemarking en menslike hupbr	R 51.26		
Totale Uitgawes	R 307.58	Totale inkomste	R 107.84
		Tekort	R 199.74

Vir slegs:

- **R199.00 per maand** kan u n **Langlaagte seun of dogter** borg vir een dag vir die totale tekort wat ons benodig insluitende behoorlike bestuur.

Vir enige verdere inligting kontak my gerus:

Dirk Kotzé

Maatskaplike Fondsonwikelaar

Cell: 076 704 6903 Acc no: 140941336

E-pos: dk@abrahamkriel.org

Bank Besonderhede. Verwysing – Borg n kind

Abraham Kriel Childcare

Bank: ABSA

Tak: High street Brixton

PASTORALE BERADERS

Ons kry navrae vir Pastorale Beraders.

Indien u wel 'n Pastorale Berader is, kan u asseblief vir my u kontakbesonderhede stuur. As u nie is nie, maar weet van iemand, stuur dan vir my die kontakbesonderhede en ek sal direk met hul kontak maak.

Ons wil graag 'n databasis skep om sodoende 'n addisionele diens te verskaf.

Stuur u besonderhede aan Natassja Marais [pa@ngkhoeveld.co.za].

[Klik hier](#) vir 'n lys van Pastorale Beraders.

DATUMLYS



'n Volledige datumlys, met die portefeuljeleiers se beplanning en belangrike sperdatums, is [hier](#) beskikbaar.

AFLOSPREDIKANTE

[Klik hier](#) vir 'n lys van aflospredikante.

VAKATURES



[Klik hier](#) vir Kerkbode se lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies.

Organisasie / Instansie	Vakante pos	Sluitingsdatum
NG Kerk Vrystaat (Sinode)	Dosent in Teologie - Justo Mwale Universiteit	15 Januarie 2018
NG Kerk Vrystaat (Sinode)	Sendeling - Missie Japan	31 Januarie 2018

Vir meer inligting oor die bogenoemde vakatures, [klik hier](#).

GEBEURE

In 'n neutedop...

NOVEMBER

24 | Du Preez Stoltz
NG Nigel

26 | Kerssangdiens Nicholis Louw
NG Bonaeropark

DESEMBER

1 | BestMed Jaareinde Inligtingsessie
NG Sinode Hoëveld

3 | Spesiale Kersprogram met Jannie du
Toit
NG Weltevreden

1 | Jaarvergadering van die Emeriti-
forum
NG Sinode Hoëveld

7 | Christmas Street Serenade
MES Kempton Park

2 | Visvang Kompetisie
Boksburg-Wes

7 | Kersspel Cheddar en Gouda in Betlehem

Die 2018 Kerkkalender is hier beskikbaar.



Week van Gebed 2018

Die Week van Gebed vir 2018, met die tema *Gebed vir die wêreld op die voetspoor van die apostel Paulus* is nou beskikbaar by CLF! Dit kan ook [hier](#) afgelaai word.

SINODESITTING 2018

Hiermee word u amptelik in kennis gestel dat die Sinodale Dienskommissie (SDK) goedgekeur het dat die twee-en-twintigste gewone vergadering van die NG Kerk van Suid-Transvaal (NG Sinode Hoëveld) DV gehou sal word vanaf Maandag 15 Oktober 2018 tot Vrydag 19 Oktober 2018.

Die steunspan begin met die voorbereidingsdag op 15 Oktober 2018 met die amptelike opening van die sinode op 16 Oktober 2018.

Verdere reëlins sal later volg.

Groete in Christus.

Prof. AS (Bertus) Koorts
Scriba Synodi



**Ons is op soek na ENIGE interessante nuusbrokkies!
Ons wil ook baie graag inligting van ons leraars in die
nuusbriëf plaas.**

**Laat weet ons asseblief wanneer daar nuwe leraars by
jul gemeentes is, of bevestig word, emeriteer en selfs
na ander Sinodes verhuis. Enige nuus is welkom!**



BESOEK ONS OOK OP FACEBOOK

WWW.FACEBOOK.COM/SINODEHOEVELD



VRYWARING

Die inligting wat voorsien word en standpunte wat gehuldig word in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE, het geen verifiëring van bevindinge, gevolgtrekkings en opinies deur die NG Kerk van Suid-Transvaal [NG Sinode Hoëveld] nie. Dus weerspieël die inligting en standpunte wat in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE gehuldig word nie noodwendig die van die NG Sinode Hoëveld of sy personeel en lede nie. Menings, afleidings en ander inligting in hierdie boodskap wat nie verband hou met die amptelike werksaamhede van die NG Sinode Hoëveld nie, verteenwoordig nie die amptelike standpunt(e) van die NG Sinode Hoëveld nie.

NUUS VANAF HOËVELD SINODE plaas slegs nuus en inligting vanaf die sinodale, rings- of gemeentelike verband.

Die NG Sinode Hoëveld aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige benadeling en/of skade aan persone of eiendom as gevolg van produk-aanspreeklikheid, oortreding van die Outeursreg Wet 98 van 1978 soos gewysig, waninligting verskaf, nalatigheid of die gebruik van enige metodes, produkte, instruksies of idees wat vervat is in die materiaal soos opgeneem in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE nie. Die inligting en advies is beskikbaar gestel in goeder trou en is afgelei van die inligting verskaf deur die betrokke organisasie/persoon en word voorgehou as betroubaar en akkuraat ten tye van die bekendstelling daarvan. Dit is die verantwoordelikheid van die gebruiker om sy of haar eie besluite te neem oor die akkuraatheid, geldigheid, betroubaarheid en korrektheid van die inligting. Dit beteken dat die instansie en/of die betrokke persoon wat die plasing in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE versoek, dan volle verantwoordelikheid vir die gebeure of inligting aanvaar.

Vir enige navrae in verband met hierdie Nuusbriëf skakel gerus me N Marais by 011- 975 8220.